

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersiening Nr. : 238/07

In die hersiening tussen:-

DIE STAAT

versus

DAVID PHIKABESHE ZONDO

CORAM: CILLIé R *et* VAN DER MERWE R

UITSPRAAK DEUR: CILLIé R

GELEWER OP: 15 MAART 2007

- [1] Hierdie skuldigbevinding word deur die hooflanddros van Harrismith vir spesiale hersiening ingevolge Artikel 304(4) van Wet 51 van 1977 voorgelê. Die verrigtinge kan nie anders nie as 'n totale fiasko beskryf word. Dit is duidelik dat die landdros die aanklaer sowel as die prokureur van die beskuldigde geen benul gehad het van met welke klagte hulle besig is nie.

[2] Die klagte teen die beskuldigde soos uiteengesit in die klagstaat was dat hy vier bokke ter waarde van R2 000,00 van 'n genoemde persoon gesteel het. Na die klagte aan die beskuldigde gestel is, het die landdros die beskuldigde se regsverteenwoordiger gevra wat die beskuldigde se pleit is. Hierop het die volgende gebeur:

“MR NKABINDE As the Court pleases Your Worship. Your Worship my instructions are that in terms of Section 113 (indistinct) Your Worship I have prepared a statement in terms of Section 12.

COURT Just before that sir the plea?

MR NKABINDE A plea of GUILTY in or on possession that is the main count.

COURT Does the State accept the plea?

PROSECUTOR That is correct Your Worship.

COURT Mr Zondo your attorney has tendered a plea of guilty on your behalf, do you confirm the plea?

ACCUSED Yes I do.”

[3] 'n Verklaring is toe deur die beskuldigde se prokureur aan die hof uitgelees en ingehandig. Dit lees as volg:

“I the undersigned Dibitse Tekabe Beshe Zondo pleads as follows on the charge on possession of suspected stolen property as (indistinct) in the charge sheet with case number 960/2006.

On the 7th June 2006 and at or near Magolokeng Stat in the district of Harrismith I was found in possession of 4 goats valued at R2 000.00 which such possession was wrongful and unlawful.

I had purchased the goats from one Mr Mtombeni who failed to

furnish me with a receipt. (indistinct), or transportation documents.

I admit that I did not have any permission to possess the abovementioned goats. I admit that the lawful owner of the goats is Mr Alfeus Zulu Tongwane. I plead GUILTY on my own free will and cognisance.”

[4] Hierop verklaar die landdros dan as volg:

“Having perused the statement I am satisfied that the accused person is admitting all the elements of the offence he has pleaded guilty to and as such found GUILTY OF POSSESSION OF LIVESTOCK.”

[5] Dit is nie nodig om verder na die vonnisverrigtinge te verwys nie.

[6] Dit is duidelik uit wat hierbo uiteengesit is dat hier ‘n Babelse verwarring by almal betrokke by die saak was aangaande waaraan die beskuldigde nou eintlik bedoel om skuldig te pleit en meer nog waaraan hy skuldig bevind moes word.

[7] Die gebruiklike redes vir skuldigbevinding van die landdros kan dit ook nie opklaar nie, want volgens die hooflanddros van Harrismith het die verhoorlanddros dit van die hand gewys om enige vertoë of redes tesame met die hersiening voor te lê. In ‘n skrywe van haar wat die hersiening vergesel, meld sy bloot as volg:

“I have studied Act 57 of 1959 and regret the mistake.

I am agreeable that the matter be sent to High Court on Special Review.

I thank you for assistance in the matter.”

- [8] Die hooflanddros versoek dat hierdie skuldigbevinding en vonnis tersyde gestel moet word. Klaarblyklik moet hieraan gehoor gegee word. Daarom word die volgende bevel gemaak:

Die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel. Die saak word terugverwys om *de novo* deur ‘n ander landdros verhoor te word.

C.B. CILLIÉ, R

Ek stem saam.

C.H.G. VAN DER MERWE, R

/sp